

20 November

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-8
Fokusgedeelte: Kolossense 1:3-5

Getuienis van die gemeente

As Paulus in sy gebed God dank vir die getuienis wat vanuit die gemeente van Kolosse na buite gaan, beskryf hy dit met 'n GELOOF in Christus, LIEFDE vir al die gelowiges en 'n HOOP wat op Christus in die hemel gerig is (vgl. 1 Tess. 1:3). Hierdie drie deugde beskryf die vrug van die werk van die Gees in 'n gemeente wat getroue getuies van Christus is.

- GELOOF wat deur die Gees in ons gewerk word, laat ons van onself wegkyk en vang ons verstand, hart en wil vas by die afgehandelde werk van Christus op Golgota. Met ons verstand verstaan ons dat Christus die Verlosser is wat deur God gestuur is. In ons harte is ons oortuig daarvan dat ons Christus as Verlosser baie nodig het. Oorweldig deur die liefde van God omhels ons Christus met 'n wilsbesluit.
- LIEFDE aan ons naaste is geloof wat tot aksie oorgegaan het. Dit wat ons van Christus weet en glo, kry gestalte in dae van liefde wat versorg, omgee, aanmoedig, reghelp en koester. Dade van liefde wat saam met 'n opregte geloof in Christus gaan, het altyd ten doel om saam met Christus na hulle wat verlore is, te soek.
- Geloof en liefde ontspring vanuit 'n vaste HOOP dat Christus nou in die hemel is en dat Hy oor alle mag beskik en dat Hy nou by God vir ons instaan. Verder ook dat Hy sal terugkom om ons mede-erfgename van sy ewige koninkryk te maak. Ons geloof in Christus mag dalk vir ons baie probleme in hierdie wêreld veroorsaak. Ook mag ander ons skeef aankyk oor die uitlewing van ons liefde vir ons naaste. Maar die vaste hoop dat Christus die laaste sê oor ons het, versterk ons geloof en dae van liefde.

'n Gemeente wie se aktiwiteite deur hulle geloof, hoop en liefde gedryf word, sal soos in die geval van Kolosse 'n gemeente wees oor wie gepraat word. Hulle getuienis oor Christus sal verder as die gemeente uitkring.

Sing: Psalm 92:6, 7 Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)